

# OKTOBER PERSONALIA

## 1979

### VOORBLAD

'n Voorstelling van die Victoriaanse woonhuis te Kellnerstraat 31. Lees berig op bl. 11.

### INHOUD

2. Personalia
3. Staatspresident besoek Museum PVSA-Kongres
4. Allerlei
6. In Memoriam: Sep Roos
7. The Genets and Mongooses of the O.F.S.
11. Kellnerstraat 31
13. Praktikum  
Nasionale Museum Forum
14. Markgraafstraat 17
16. Skaapstekers

### REDAKSIE

Redaksie: Jacques van Heerden  
Taalversorging: Mnr. Dirk Coetzee  
Kunstenaar: Johan Reyneke  
Fotograaf: Jakkie Pretorius  
Setwerk: Hanelien de Villiers  
Gedruk en uitgegee deur die Nasionale Museum, Aliwalstraat, Bloemfontein.

Hierdie ses-maandelikse nuusbrief word gratis aan belangstellendes gestuur. Indien u sou belangstel om dit gereeld te ontvang, hoef u slegs u naam en volledige posadres te stuur aan:

Die Redakteur  
Nasionale Museum Nuus  
Posbus 266  
Bloemfontein  
9300

Kommentaar oor die inhoud is altyd baie welkom en kan ook aan bogenoemde gerig word. Enige inligting en foto's kan uit die Nuusbrief oorgeneem word met erkenning van die bron.

### MISS P.M. ROBERTSON TO RETIRE

Miss Phyllis Robertson, a member of the Museum staff for the past nineteen years has decided to retire at the end of September this year.

She assumed duties as typist/clerk/telephonist in June 1960 after having worked at Escom in Johannesburg. Shortly afterwards her duties were extended to include bookkeeping. When the staff increased she did the books only and did this until 1969 when she was promoted to the post of Senior Administrative Assistant.

When Miss Robertson was appointed in 1960 the total museum staff consisted of fourteen – seven whites and seven blacks – and she has seen it grow to the present forty-seven whites and twenty-eight blacks.

As is the case with practically all museum workers she also had to perform a variety of tasks not pertaining to her official work. Among other things she remembers helping the late Miss Trudie Kestell to make petticoats for human figures used in a display on historical costume; assisting the late Norman Smith, who was librarian at the Museum, to feed the numerous baby swifts which fell out of their nests during sudden cold spells in early summer; acting as relief caretaker for Mr A.J.H. Maree, who for many years was the only caretaker of the Museum as well as rearranging, cataloguing and generally taking care of the Museum's herbarium and art collection.

Over more than nineteen years Phyllis Robertson has made a substantial contribution towards the smooth administration as well as many other activities of the National Museum and she deserves a well-earned and happy retirement.

Although she left us at the end of September the Museum will officially say goodbye to her at the annual staff function on 30 November 1979.

Miss R. – as she is generally known to the museum staff – has for many years been an active member of the Tree Society of Southern Africa; the Wildlife Society (O.F.S.-Branch); the Botanical Society; and the Orange Free State Arts Society and has served on various committees of these Societies. She is also a member of the Southern African Museums Association, as well as of the Bloemfontein Bird Club since its inception in 1977.



MNR OBERHOLZER  
IN DIE HOSPITAAL

Mnr Hannes Oberholzer, Direkteur van die Nasionale Museum, het op Saterdag, 22 September 'n kotonére trombose-aanval gehad. Na vier dae in die intensiewe sorg eenheid in die Universitashospitaal in Bloemfontein is hy oorgeplaas na 'n algemene saal, waar hy nou geruime tyd sal bly.

Namens die Raad, die Assistent Direkteur en die Personeel van die Nasionale Museum, asook al die lezers van hierdie Nuusbrief, wens ons hom 'n spoedige en volkome herstel toe.

## STAATSPRESIDENT EN GADE BESOEK MUSEUM



Op Woensdag, 26 September, het die Staatspresident en Mev. Marais Viljoen en hul gevolg 'n besoek aan 'n paar gedenkwaardighede en die Nasionale Museum in Bloemfontein gebring. Eerste op die program was die ou Presidensie van die Vrystaatse Republiek wat tans gerestoureer word. Die tweede was die Eerste Raadsaal wat honderd jaar gelede die eerste huisvesting aan die Nasionale Museum gebied het, nadat dit voorheen ook as eerste vergaderplek vir die Vrystaatse Volksraad, as kerk en as skool diens gedoen het. Die historiese fontein waaruit die plaasnaam (en latere dorpsnaam) Bloemfontein ontleen is, was daarna aan die beurt, en toe is die besoek afgesluit met 'n wandeling deur die Historiese Straattoneel in die Nasionale Museum. Soos baie ander, was die Staatspresident ook baie beindruk deur die lewensgetrouwheid van die uitstallings.



Die Afgevaardigdes van die eerste konferensie van die Paleontologiese Vereniging van Suider-Afrika wat van 2 tot 5 Julie by die Nasionale Museum gehou is.

## IN MEMORIAM

### SEPTIMUS ROOS


Die Museum se hoofkunstenaar, Septimus Roos (gebore 17 Mei 1935) is op Saterdag 27 Oktober 1979 oorlede nadat hy die Donderdag skielik 'n toeval gehad het. Soos vir sy familie was dit ook 'n groot skok vir al sy vriende en kollegas. Ons betuig hiermee graag ons diepste meegevoel met sy naasbestaandes.

Sep het veral bekendheid verwerf vir sy verfynde tegniek om glasveselreplika's van diere te maak; hieronder tel witrenosters, seekoeie, krokodille, 'n volwasse olifantbul en die kop van 'n tweede olifant. Gedurende die afgelope paar maande was hy besig om replika's van al die Vrystaatse reptielsoorte, van die likkewaan tot die kleinste geitjies, te maak met die oog op 'n nuwe uitstalling.



Bo: Sep by die eerste witrenosterreplika (1969).

Onder. Die olifantbul in die Nasionale Museum (1972).





Links bo. Sep se "klei-os", 'n voorstelling van die reusebuffel

Bo Die voltooide lewensgrootte buffel in die Argeologie-uitstalling.

Links Sep oorhandig 'n glasvesel-replika van 'n ouvolk aan Regter Steyn, toenmalige voorstander van die Museumraad

Onder Sep en Henry Koen by replika's van seekoeie.



Veselglas was egter nie die enigste medium waarin sy kunstenaarstalent tot uiting gekom het nie. In die Museum is daar ook baie voorbeelde van sy agtergrondeskilderye, letterwerk en modelleerwerk. Van sy olieverfskilderye hang ook in baie Vrystaatse huise.

Sep het op 1 Augustus 1959 diens by die Museum aanvaar nadat hy 'n diploma in handelskuns van die Pretoriase Tegniese Kollege ontvang het. Sedert 1970 het hy die pos van Hooftegnikus beklee en was aan die hoof van die Museum se span van vyf kunstenaars. Op 1 Augustus vanjaar is daar by geleentheid van 'n kort geselligheid dankie gesê vir sy twintig jaar toegegewye diens aan die Museum en as tasbare bewys hiervan is 'n stel glase en bierbekers met die Museum se embleem daarop aan hom oorhandig.

Sy plek onder ons sal leeg bly, maar die baie monumente wat hy in die Museum en elders gelaat het, sal altyd vir ander as aansporing dien.